## FONDSINSAMELING RIBBURGERS

Ons beplan om vir
**WOENSDAG 5 AUGUSTUS**
'n klompie **RIBBURGERS** te maak @ R 40 per burger.
U is welkom om u bestellings voor of op
***Maandag 3 Augustus***
deur te gee aan
Yolandé 084 597 8903 of aan
Jannes 072 224 7181 of
Pieter 018 294 4600 by die kerkkantoor

Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem – dit word baie waardeer.

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 23 Sondag 26 Julie 2026
*REDAKTEUR:* **RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422**
rudynell@jenny.co.za

**Eredienste:** 09:30 en 17:00
**Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600**
**Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Janru Smit
**Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste en kategese:**
**Ouderlinge:** Wyk 13 **Paul Schutte**
**Diakens:** Wyk 13 **Riaan Schutte**
**Teebeurt:** Wyke 7 & 8 **Anita Stavast** en **Ina Roos**,

## EREDIENSTE Albei dienste gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens 9:30, aanddiens 17:00 Eredienste ook per whatsapp**

**OGGEND** Ons *Deputate vir Gesprek met die Owerheid* het ook die mandaat ontvang om met burgerlike organisasies gesprek te voer. So 'n gesprek het onlangs met die Transvaalse Landbou Unie plaasgevind. Voortvloeiend uit daardie gesprek roep die Deputate kerke op om:

- voortdurend in die erediens en persoonlike gebede vir ons boere en die landbougemeenskap voorbidding te doen;
- predikante, ouderlinge en diakens aan te moedig om besondere pastorale aandag aan boere en hulle gesinne te gee, veral waar nood, trauma of moedeloosheid ervaar word;
- lidmate aan te spoor om ons boere prakties en geestelik te ondersteun waar die Here daarvoor geleenthede gee.

Hierby het die *Potchefstroom Boerevereniging* kerke versoek om vandag as 'n dag van dankbaarheid teenoor die Here vir die afgelope oesseisoen te vier.

**Woordbediening:** Psalm 67.
**Fokusvers:** Psalm 67: 7, 8
**TEMA:** *Seën ons, o God, sodat die nasies u sal eer.*

**Sing:** Psalm 65: 3, 6; Psalm 104: 1 & 2 (gemeente), 8 & 9 (susters), 17 & 18 (broers), 20 (gemeente); Psalm 126:1, 2, 3; Psalm 147:5, 6, 7; Psalm 67:1, 2, 3; Psalm 107:1, 10, 18.
**Sing met meelewing:** Psalm 128: 4

---

**EREDIENS om 17:00**
**Woordbediening:** Markus 4: 18 - 22; Markus 3: 13 - 19; 1 Timoteus 4:10. **Kerkorde:** Kerkorde, artikel 12.
**TEMA:** *Woordbedienaars is lewenslank geroep tot die diens van die Woord, maar…*
**Sing:** Psalm 43:2, 3, 4; Psalm 8:1, 2, 3, 4;
Skrifberyming 15 - 2 [38]:1, 3; Skrifberyming 10 - 2;
Skrifberyming 19-1 [47]:1 (na die Wegstuurseën).

---

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die **Teologiese Studentekas**
**MIDDAG:** Diens van Barmhartigheid (BLOU) en Kerkkas (Rooi)
**Volgende week: Emeritaatsfonds**

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL** Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.
**Ria Buys** het Dinsdag, na 'n lang lyding aan kanker, in die Here ontslaap. Ons bid haar geliefdes wat die lewenspad getrou saam met haar gestap het, ryke vertroosting toe. Die troosdiens het Vrydag vanuit die Kapel by Huis Eikelaan plaasgevind.

**VOORBIDDING** Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:
**Lourens du Plessis** herstel tuis na die operasie wat hy aan sy knie ondergaan het.
**André Joubert** moet oor drie weke die suurstof wat hy ontvang, verminder.
**Flip Mostert** ontvang nog elke weeksdag bestraling en chemoterapie in Klerksdorp.



**Prof. Callie Coetzee** ontvang ook tans chemoterapie en **Susan Coetzee** moet binnekort weer 'n buis-ruilingsoperasie ondergaan.

Ons volhard in ons voorbidding vir ons broers en susters wat in die onderskeie versorgings-eenhede versorg word:

***Huis Eikelaan:*** Srs. Mien Prinsloo, Emmarentia Stoop, Johanna van Vuuren, Ria Serfontein, Hermien van der Spoel, Willie van der Walt.

***Ons Hulde:*** Sr. Rita Schutte. ***Groenwilgers:*** Sr. Annatjie Kruger.

***Huis Anna Viljoen:*** Brs. Peet Buys en Fanie Coetzee, srs. Nanna du Plessis, Jeanette Fourie, Ronnie van Tonder en Tienie Venter en Marinda Snyman.

*Daar is ook 'n aantal van ons broers en susters wat in die* ***dorp, die toringblok en simplekse van Huis Eikelaan*** *woon wat vanweë gesondheid en verswakking nie die eredienste kan bywoon nie:* sr. Ria Esterhuizen, sr. Cathrien de Jager,

**DANKBAARHEID**
Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.
**Nico en Sarie Spaumer** het Woensdag vir ses weke vertrek na Marlothpark waar hulle vir 'n tydjie warmer weer gaan geniet.

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

**TER APPROBASIE VIR OUDERLING:**
**Gert van Blerk** word ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die diens van ouderling. Indien Gert die roeping opvolg, sal hy en **Nelis Coetsee**, wie se naam vroeër reeds afgekondig is sonder enige besware, op Sondag 9 Augustus as ouderlinge bevestig word.

**SIEKVERLOF: PROF. CALLIE COETZEE**

Die kerkraad het Sondag 19 Julie prof. Callie Coetzee se siekverlof verleng tot aan die einde van Augustus. Ons verseker prof. Callie, wat tans chemoterapie ontvang, van ons volgehoue voorbidding vir hom. Ons doen ook voorbidding vir Susan Coetzee wie se gesondheid onder druk verkeer.

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Ma | 17/07 | 08:30 | Teologiese Studente | Bovertrek |
| | | 17:30 | Klassis Deputate-vergadering | GK Potch-Oos |
| Di | 28/07 | 09:15 | Opening TSP | TSP |
| | | 11:00 | Predikantebyeenkoms | GK Potch-Bult |
| Do | 30/07 | 10:30 | Bybelstudie (2 Korintiërs) | Ou Kerkie |
| | | 17:00 | Susters: Bestuursvergadering | Soos gereël |
| Di | 04/08 | | Agendastukke vir vergadering van ouderlinge en diakens ingedien | Kerkkantoor |
| | | 18:00 | Finansiële kommissie-vergadering | Soos gereël |
| Wo | 05/08 | 08:00 | **RIBBURGERS** | Kerkterrein |
| So | 09/08 | 15:30 | Huis Eikelaan erediens Teologiese Student Rynhardt Landman | Kapel |
| So | 16/08 | 18:00 | Diakonievergadering | Konsistorie |
| So | 23/08 | 18:00 | Kerkraad en Diakonie | Ou Kerkie |
| So | 30/08 | 09:30 | **Nagmaal en gemeente-ete** | Kerkterrein |

| **KATKISASIE** | **Sondag 26 Julie** | **Sondag 2 Augustus** |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 16 | Les 17 |
| **Laerskoolkatkisasie** | | |
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk** | 1 Konings 8 – 10<br>Psalm 66: 7<br>Sondag 43<br>Eksodus 20: 17 | Daniël 10<br>Psalm 66: 7<br>Sondag 44<br>Matteus 5: 4 |

**BYBELSTUDIE:** U word hartlik uitgenooi om by enige van die Bybelstudiegeleenthede in te skakel:

- Die Bybelstudiegroep van Donderdagoggende kom weer om 10:30 bymekaar in die Ou Kerkie. Ons sit die studie uit 2 Korintiërs voort.
  Die Bybelstudie op Woensdagaande hervat weer op 12 Augustus.
- Die Bybelstudie by Huis Eikelaan staan oor tot verdere kennisgewing.

## VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| So | 26/07 | **Anneke Markgraaf (80)**, Wyk 6 |
| Ma | 27/07 | **Machteld van Aswegen (81)**,. Wyk 12 |
| | | **Theo van der Merwe**, Wyk 2 |
| Wo | 29/07 | **Jan de Vos** Wyk 1 |
| Do | 30/07 | **Mietsie Harman** Wyk 11 |
| Vr | 31/07 | **Nelly van der Spoel (83)** Wyk 4 |

**Bede met meelewing:** Psalm 128: 4

## DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta.

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*

## WAT VAN 'N KOPPIE WARM TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 7 & 8 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

